# Die Byekorf



**2017/08/08** **Standerton Akademie**

**25/17**

Geagte ouers

**Ouerinligtingsaand – Woensdag 16 Augustus 2017**

Alle ouers van ons skool word versoek om asseblief hierdie aand by die skool by te woon. Hoerskool Gromar sal die aand inligting met ons deel rakende Hoerskole. Daarna sal die hoof uitvoerende beampte van BCVO mev Lucia van Wyk meer inligting aan u deurgee oor waar CVO skole tans staan rondom akademie, standaard, vooruitsigte, ens. Hierdie aand se hoof doelwit is ook om u sekerheid te gee rondom u kind se pad vorentoe. Ouers u moet asseblief hierdie aand om 18:00 bywoon.

**Vrouedag**

Neem kennis dat daar geen skool is op Woensdag 9 Augustus 2017.

**Gongskiet**

Baie dankie aan al ons ouers en ondersteuners tydens hierdie dag. Die dag was 'n groot sukses ten spyte daarvan dat die leerlinge aan die kultuurfees deelgeneem het en die Leeus ook probeer speel het. Uitslae asook foto's op D6.

**Kultuurfees**

Baie geluk aan al ons leerlinge wat so puik presteer het met die afgelope kultuurfees te Lydenburg. Baie dankie aan elke ouer wat bereid was om so ver te ry om hul kinders te ondersteun. Dit is hierdie gesindheid wat van deurslaggewende belang is by 'n skool. Ons is baie trots op al ons deelnemers.

**KONINGSKINNERS en Nadia Cronje**

Bg groep asook Nadia is deur die beoordelaars tydens die afgelope fees gekies om ons skool te verteenwoordig op Nasionaal te Lichtenburg. Baie geluk.

**Andries Vermeulen – 19 Augustus 2017**

Daar is steeds kaartjies beskikbaar teen R200 per persoon wat 'n ete insluit. Ouers nooi u vriende en kom ontspan en geniet die aand saam met ons.

**Skoolfonds**

U word herinner aan hierdie verpligting teenoor die skool en ons doen 'n vriendelike beroep op u om toe te sien dat u skoolfonds op datum is.

**Toekomsfonds**

Met een van die afgelope Ouerinligtingsvergaderings is daar op aandrang van die ouers besluit om 'n Toekomsfonds te skep. Hierdie fonds stel ten doel dat ons ouers alle moontlike pogings aanwend en opsies oophou indien daar enige verdere belangrike besluite geneem word rondom die ondersoek na uitbreiding ten opsigte van grond, geboue, instandhouding en die ondersoek na addisionele grade vir ons skool. Ouers wat meer inligting rondom hierdie fonds benodig, is welkom om met Eubus Pretorius te kontak. Die rekening is reeds geskep en ons maak weer die inligting aan u bekend.

Rekening naam: Standerton Akademie vir Christelikevolkseie Onderwys
Rekening nommer: 62697781211
Takkode: 250655
Rekening tipe: Money On Call

**Verjaarsdae**

Baie geluk aan al ons leerlinge, ouers en onderwysers wat vanaf 8 - 15 Augustus verjaar. Mag die Here u seën.

| Leerlinge | Ouers en Onderwysers |
|---|---|
| 8 Augustus : Carel Bester<br>10 Augustus : Paul de Bruyn | |

**Belangrike datums ( Volledige lys datums by kalender op D6)**

GROETE

S. Swanepoel